Die Majestic 214
7140 STRAND
06 09 1996

Geagte Willie

Met groot waardering het ek jou artikel in die TGW oor Johan Heyns gelees. Dit is 'n gedugte studiestuk waarin jy met kennis van sake die bydrae van Johan in perspektief plaas. Daarby wek jy tereg bewondering vir Johan se denke en sy enorme aandeel aan die ontwikkeling van die Gereformeerde teologie is Suid-Afrika. Van harte vertrou ek dat jou artikel opnuut belangstelling vir Johan se werk sal wek, en daarby daartoe sal dien dat hy deur sy geskrifte sal bly voortleef en koers aandui vir die jonger geslag teoloë. Johan mag nie sommer oormôre vergeet wees nie.

Op teologies gebied, vir sover ek nog enigsins ingelig is, merk ek verskynsels of denkrigtings wat my besorgd maak. Ek kan die slakkies nie so maklik met sout bykom nie, maar hulle is daar. My besorgdheid is veral die oordrewe bewondering vir alles wat uit Amerika kom. Van boekhandelaars verneem ek dat dit 'n verlies is om Nederlandse of Duitse teologiese publikasie op die rak te hou, want die studente koop net Engelse en veral Amerikaanse boeke. Daarmee word die band met ons Gereformeerde moederbodem afgesny en word ons rondgejaag deur elke teologiese modewind.

Daarom waardeer ek dit dat jy en ander volhard op die goeie koers, en dat jy dit nou ook so bekwaam aangedui het in jou ontleding van die oorspronge en inhoud van Heyns se denke.

Ek wou dit maar net vir jou sê.
Hartlike groete

E P Groenewald